# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 7 AUGUSTUS 2022

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Johan Visser (1)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel | Ds. Philipp Dietmann

## VERSTERK JULLE VERHOUDING

*DATE NIGHT* is 'n kursus vir mense wat in vaste verhoudings is en nader aan mekaar wil groei. Vanaf 16 Augustus tot 27 September, is daar elke Dinsdagaand sewe geleenthede om18:00 tot 20:00.

'n Stil en intieme ruimte word vir elke paartjie geskep, waar julle saam 'n ete geniet en geleentheid kry om aan die hand van die Alphakursus oor verskeie verhoudingskwessies te gesels. 'n Oppasdiens vir kinders is beskikbaar. Pak gerus vir jul kinders 'n kosblik in, of koop 'n klaar voorbereide ete teen R25.

Die kursusinhoud is gratis. Kursusgangers betaal slegs R90 per ete.

Inskrywings kan op www.stellenberg.co.za gedoen word.

## OPNEEM VAN KOLLEKTE

Die opname van bankkollekte tydens eredienste word hervat. Oorweeg asseblief biddend jou bydrae tot die Here se werk. Jy kan ook die SnapScan-toepassing gebruik om jou bydrae te maak.

## KAARTJIES VIR MARION HOLM

Die kaartjies is uitverkoop. Indien jy kaartjies vir die Marion Holm-optrede (18 Aug.) bespreek het, moet jy dit asseblief so gou moontlik betaal en kom afhaal. Kontak vir Anneke (021 976 4519/ anneke@stellenberg.co.za) om reëlings rakende die betaling en afhaal van die kaartjies te tref.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### DEUROFFERS

**Seniorbediening**

Die inkomste word ten bate van senior lidmate aangewend.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Theo Swaak (13/07/1936 - 02/08/2022). Theo was sedert 1999 'n lidmaat van die gemeente. Gedenkdiens: Saterdag 6 Augustus om 10:00 in die kapel. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Ilse, asook hul dogter wat hy agterlaat.

## GEESTELIKE DAGSTUKKE

'n Kort geestelike boodskap word vir elke dag van die week, dwarsdeur die jaar deur die leraarspan beskikbaar gestel. Jy kan na die stem-boodskap op Youtube of die gemeente se webwerf luister, of dit daagliks op jou selfoon ontvang indien jy by die WhatsApp-groep aansluit. Die geskrewe teks is ook op die webwerf beskikbaar.

## DOOP VANDAG

Eon en Carmen Goosen, laat doop vir Liam Goosen.

## VRYWILLIGE HELPERS

Die kleuterkerk en ook verskeie Annibrand-graadgroepe het hulp nodig. Indien jy bereid is om 45 minute op 'n Sondag af te staan om hulp by die kleuterkerk, of kategesegroepe aan te bied, kontak asb. vir Brenda Visser by brenda@stellenberg.co.za.

## SKATTEMARK: TERUGVOER

Die Skattemark wat op 30 Julie aangebied is, was 'n reusesukses en ons beoog om dit weer later in die jaar te herhaal. Dankie aan al die uit-stallers wat hulle skatte met kopers gedeel het. Dankie ook aan Karen Visagie en Lindy van Wyk de Vries vir die inisiatief en organisering.

## OU MOTORBANDE BENODIG

Die Hoop en Versoening Trust, verbonde aan die Sinode van Wes-Kaapland, bied in Augustus 'n werkswinkel aan oor mikroboerdery as 'n manier om armoede in plaaslike gemeenskappe te bekamp. Hulle benodig ou motorbande om die projekte volhoubaar te bedryf. Indien jy bande vir die projek kan skenk, gee dit asb. by die kerkkantoor af.

### KATEGESE-AFNAWEEK

### HOëRSKOOL DFMALAN BIED AAN:

'n Aand saam met Nataniël op Saterdag 13 Augustus om 19:00. Geen kinders onder 15 jaar oud word toegelaat nie.

Kaartjies te koop by koor@dfmalan.com

### DAMESTEE BY EDELWEISS

Edelweiss nooi alle buite-lede om hulle Damestee op Woensdag 10 Aug. om 10:00 by te woon. Toegang is gratis.

Pensioenarisse word ook uitgenooi om teen R70 per jaar, as buitelede aan te sluit, om so van Edel-weiss se groot verskei-denheid dienste vir seniors gebruik te maak.

Die dienssentrum be-nodig ook vrywillige helpers. Kontak mev. Louw indien jy bereid is om betrokke te raak.

Navrae: Mev. Louw

edelweissontvangs@gmail.com of 021 9761150

## VATVYF-BYEENKOMSTE

- Op 24 Augustus om 10:00 besoek ds. Johan Visser die VatVyf-groep in die ou kafeteria. Kom ontmoet een van ons nuwe leraars en luister hoe mooi sing hy. Eetgoed, koffie en tee sal bedien word. Geen besprekings nodig nie.
- Op 5 September besoek ons die Franschhoek-motorskou. Om toegang tot die motorskou te verkry, is dit noodsaaklik dat jy jou plek voor 2 September by Anneke (021 976 4519, kerkkantoor) bespreek. Koste: R60 per persoon. Daar is 'n koffiewinkel waar versnaperinge gekoop kan word. Die bussie vertrek 09:30.
- Op 6 September om 10:00 bied prof. Niehaus 'n praatjie oor Alzheimersiekte in die kleinsaal aan. Toegang is gratis. Bespreek jou plek asb. voor 2 September by Anneke (021 976 4519).

## TEESKINKERS OP SONDAE

Ons benodig dringend helpers wat soms op Sondagoggende by die teetuin behulpsaam kan wees. Jy hoef slegs seker te maak dat die teekanne, melkbekers en suikerpotte gereeld gevul word. Geen opwas van koppies nie. Kontak asb. vir Anneke by 021 976 4159/ anneke@stellenberg.co.za indien jy kan help.

## FEESMARK 2022

- Die feesmark word vanjaar vanaf 17 Oktober tot 5 November aangebied.
- Aansoeke vir kassiere, pakkers en vloerbestuurders word ingewag.
- Belangstellendes kan Karen Visagie per e-pos kontak by feesmark@stellenberg.co.za.

## WOLSKENKINGS

Die gemeente se breigroep benodig wol vir die brei van serpe, musse en komberse. Die artikels word tydens jeuguitreike onder minderbevoorregtes versprei. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

KONTAK ONS

021 976 4519

WHATSAPP

081 045 2428

E-POS

navrae@stellenberg.co.za

WEBWERF

www.stellenberg.co.za

STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## TAFELGESPREKKE OP WHATSAPP

Indien jy die weeklikse tafelgesprekke op jou selfoon wil ontvang, skandeer gerus die QR-kode (regs) en sluit by die groep aan. Jy sal dan Vrydagoggende (tydens skoolkwartale) die tafelgesprekke per WhatsApp op jou selfoon ontvang.

## ONTVANG JY ONS KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za. Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

11 Augustus om 15:00. Psalm 1: Twee verskillende wêrelde . . .

### BREIGROEP

Ontmoet weer op Maandag 12 September om 09:30 in die mark-plein.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.